

15 Februarie Rigters 11:30-35, (Teks: 11:35)

Belowe aan God alleen dit wat volgens sy wil is

Die bekende hervormer, Maarten Luther, wou nie altyd 'n teoloog geword het nie. Nee, hy het eers gestudeer vir 'n regsgeleerde. Maar pas nadat hy sy voorbereidende studie in Lettere en Wysbegeerte afgehandel het, het hy op die 2de Julie 1505 in 'n verskriklike storm beland. In sy angs het hy om hulp gebid en belowe om 'n monnik te word. So begin sy studie van die Bybel wat uiteindelik tot die 95 stellinge op die kerkdeur van Wittenberg lei. Sy belofte het dus 'n goeie einde gehad.

Ongelukkig nie die belofte van Jefta waarvan ons in hierdie Skrifgedeelte lees nie. Ja, hy moet sy eie dogter opoffer. Waar kom die verskil in? By die wil van God. Ons kan en mag en moet slegs aan God belowe wat volgens sy wil is, maar niks anders nie. En as ons eenmaal 'n belofte aan God maak het, dan moet ons dit nakom, ongeag die gevolge vir onself, soos deur Jefta en Luther. God verwag dit van ons, want Hy hou self die beloftes wat Hy maak het. Van die moederbelofte in Genesis 3 vers 15 af tot by die "Ja, Ek kom gou" van Openbaring 22 hou God elke belofte wat Hy ooit maak het. Ons moet ook.

En hoeveel beloftes het ons nie al afgelê nie! Met die aflê van belydenis van geloof, aan ons lewensmaat op ons troudag, met die doop van ons kinders en met die bevestiging in die amp. Al hierdie beloftes is volgens die wil van God en dit is dus reg dat ons dit afgelê het. Net so reg is dit dat ons dit altyd sal nakom.

Sing: Psalm 105:5

Ds. J.A. du Preez (Empangeni)